

Maandag 7 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 42

Fokusgedeelte: Psalm 42:12

Godsvertroue laat 'n mens 'n loflied sing

Die woorde van die allermooie Psalm 42 kom menigmaal oor die lippe van 'n Godskind wat weet hy is 'n nietige mens. Hy smag na God. Hy hunker na die lewende Here omdat menswees baie dinge beteken. Daar is veral vertwyfeling, lewensgolwe wat breek en 'n mens raakslaan, waterstrome wat te sterk word vir 'n mens, watervalle wat 'n gevaar is en afgronde wat diep en onbekend is.

Ek as mens beleef die volheidsgang van elke dag. As 'n mens se lewe voor jou verbygaan, sien jy dit is vol hoogtepunte. Daar is volgehoue en doelgerigte aanbidding, 'n gereelde optrek na die huis van die Here, lofliedere en gebede. Tog bly die twyfel diep ingewortel in my wese. Die mense wat vra waar my God is as daar, om watter rede ook al, tranedae in my lewe is. Hoekom bring Hy nie rus nie? Hoekom tel Hy my nie op nie?

Voor my oë sien ek die wildsbok – soekend, totdat die drinkplek gevind is. Daar is water, lafenis wat die lewe is. Soos 'n dier na water smag, so smag ek na die Here. Die wildsbok mag drink en ek onthou dat ek mag drink uit die waterkuile van God se Woord. Met Psalm 42 in my hand begin ek opnuut met vertroue my lewenslied sing, omdat Jesus inderdaad gesê het: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!” (Joh. 7:37).

Noudat ek gelaaf is, mag én kan ek lewe. My Here help. Hy les my dors. My loflied klink: Heilig is die Here, my Helper en my God!

Sing: Psalm 42-1:7

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)